

SAWA Oos-Kaap



Liewe Sawanante

En so is al die opwinding van vakansie, Kersfees en Nuwe Jaar verby! Al die kinders “back to school” en mammas en pappas terug by hul werk. Seker net die universiteits studente wat nou nog lekker laat kan slaap.

Ons wil graag die volgende punte dringend onder jul aandag bring:

Respekteer asseblief die stilte tyd by elke kamp vanaf 23h00 saans. Hou asseblief ook julle musiek sag genoeg dat julle bure nie dit kan hoor en dalk ‘n steurnis veroorsaak nie. Almal se musiek smake verskil en daarom is dit n dringende versoek van die Bestuur aan ons lede om dit na te kom en jou mede kamper te respekteer.

Hier is meer inligting oor ons volgende 2 kampe asook Paas naweek:

WILLOWS: 10 tot 12 Februarie 2017:

Die koste beloop R130 per nag per staanplek plus die R10.00 plaatjiegeld. Saterdagmiddag kom almal by die groot tent bymekaar vir die waatlemoenfees. Indien daar genoeg kinders is sal daar vir hulle aktiwiteite gereël word. Verdere inligting sal op die naweek se program verskyn. Dit is ook ‘n Senior Burger kamp en die lede sal dus al Donderdag kan gaan kamp.

Laat weet asseblief julle bestuurslid so spoedig moontlik of julle gaan bywoon of nie dat hulle die oord kan laat weet.

BOSKAMP by INNIKLOOF, HANKEY : 10 tot 12 Februarie 2017

Ons gaan so bietjie in die bos kamp gedurende die naweek van 10 tot 12 Februarie 2017. Die betrokke oord kan slegs 30 persone akkommodeer en daarom is dit noodsaaklik dat julle vroegtydig by my (Sandra) bespreek indien julle sou wou saamgaan.

Die kostes per nag is R60,00 per persoon en R30,00 vir kinders onder 12 jaar oud. (Kinders onder 5 jaar is gratis).

Die volgende persone het reeds hul deposito's by my betaal en hul plekke is bespreek:

Johan & Sandra Fourie	(2)
Naas & Corné Terblanche	(2)
Paul van Aardt	(2)
Willie & Jackie Conradie	(2)
Steve & Ischke Lambrechts	(4)
Johan & Karen Rautenbach	(2)
Elmar Deyzel & 'n vriend	(2)

Die volgende persone het my geskakel om ook 'n plek te bespreek:

Eddie & Tania Deyzel (2)

Indien jou naam nie hier verskyn nie en jy graag die boskamp wil bywoon MOET jy my asseblief skakel. Indien ons aantal mense voltallig is kan ons jou ongelukkig nie akkommodeer indien jy nie vooraf gereël het nie en ons sal nie graag wil hê dat jy by die oord moet omdraai nie.

GEEN HONDE WORD BY DIE OORD TOEGELAAT NIE. (HETSY DIT 'N BABA HONDJIE IS OF AAN 'N LEIBAND – DIE EIENAARS VAN DIE OORD LAAT **GEEN HONDE** TOE NIE.)

Innikloof is net buitekant Hankey en dit is teerpad. Die laaste 3 km is grondpad. Dit is 'n redelike nou grondpad en nie in 'n baie goeie toestand nie. Ek sal dit nie aanraai vir woonwaens nie, dit bly egter jou eie keuse. Daar is 'n beperkte aantal kragpunte en 2 warmwater storte en 2 toilette. Daar is ook staproetes en swemgate so bring maar lekker stapskoene en swemklere saam.

Indien julle verdere inligting verlang kan jul op die webwerf gaan kyk by www.inniKloof.co.za

Sandra Fourie
Sel nommer 081 533 1883

100+ Kamp: Te Pine Creek (Grootbrak) 17 tot 21 Maart 2017:

Enige-een is welkom om die naweek van die 100+ kamp by te woon. Dis 'n gewone kamp naweek. Die koste beloop R150 per nag per staanplek.

Vir die **100+ lede** is die spesiale ete die Saterdag aand beskikbaar @ R125 per persoon.

Kontak asseblief vir Liana Labuschagne indien jul belangstel om die kamp en ete by te woon.

Paas Naweek: River Reeds (Kirkwood) 14 tot 17 April 2017:

Ons gaan Paas naweek River Reeds by Kirkwood besoek. Dis 'n pragtige lower-groen kamp terrein. Alhoewel daar nie verskriklik baie staanplekke is nie, behoort ons Sawanante almal in te pas as ons lekker styf teen mekaar staan. Koste beloop R 60.00 per persoon, nie skoolgaande kinders is gratis.

Baie belangrik vir al ons huidige en toekomstige besprekings:

Bevestig asseblief julle bywoning van die onderskeie kampe sodat finale getalle met die oorde gereël en bevestig kan word. Die oorde versoek dat ons die SAWA staanplekke bevestig sodat hulle die oortollige staanplekke aan ander persone kan beskikbaar stel.

Let Wel: Indien 'n lid bevestig dat hy/sy kom en nie opdaag nie, sal hy/sy nog steeds die bespreking's kostes moet dra maar dit is slegs van toepassing indien minder lede opdaag as wat aanvanklik bespreek is en as dit die oorde se beleid is. Verskeie oorde het hulle reëls daarvolgens aangepas en ons sal deurgaans julle daaraan herinner.

Noodhulp tydens saamtrekke:

Hierdie is 'n baie belangrike aangeleentheid. Ons versoek dat gekwalifiseerde eerste hulp persone, wat bereid is om naweke hulp te verleen, na vore sal kom. Verwittig asseblief die Kampleier Vrydagaand voor Boekevat indien u ons kan help gedurende die naweek. Hy sal die kampers in kennis stel sodat hulle weet waarheen hulle kan gaan vir hulp indien daar 'n krisis gedurende die naweek is. Ons het 'n goeie noodhulpsak aangekoop vir gebruik. Dit is by die kampleiers van die naweek beskikbaar.

Wapad en Webwerf:

Stuur asseblief u nuus/foto's vir Elzaan Le Roux vir gebruik in die **Wapad** en **Webwerf**. Gaan kyk gerus na Facebook vir al die nuuste SAWA Ooskaap nuus.

E-pos: leroux.elzaan@gmail.com

Baie van ons lede se kinders het ook presteer en ons vra dat julle dit ook asseblief sal aanstuur dat ons so vir hulle ook die nodige erkenning kan gee wat hulle verdien.

Die Wapad word per e-posgestuur, maar indien u nog 'n harde kopie wil ontvang, moet u dadelik vir Elzaan laat weet.

Ledegeld:

Betaal asseblief u ledegeld betyds in Nasionaal se bankrekening. Kyk watter maand u aangesluit het, dit is u hernu maand en handel dit daarvolgens af. Aansluiting en eerstejaar se ledegeld moet kontant betaal word. Kontak asseblief u betrokke bestuurslid indien u verdere inligting verlang. Debietorders tree eers van die tweede jaar in werking en ons moedig lede aan om daarvan gebruik te maak. Dit vergemaklik die taak baie en u het nie weer probleme nie. Eenmalige aansluitingsfooi van R120 is betaalbaar.

Ledegeld: Kontant = R330; Senior Burgers: Kontant = R320

Debietorders is R10 minder by elke groep. Agterstallige lede sal gekontak word om reëlings te tref vir uitstaande betalings. Ledegeld is vanaf 1 Desember 2016 met R 10.00 verhoog vir beide Senior en gewone lede.

Bedryfsfonds:

Die bedryfsfonds vir die nuwe jaar is betaalbaar, R150 per jaar vir lede en R120 per jaar vir Senior Burgers. Dit sal waardeer word indien u dit binne drie maande na u aansluitings maand kan inbetaal in Oos Kaap se rekening of by die kampleiers.

SAWA Kentekens:

Indien u belangstel in 'n nuwe kenteken vir u woonwa, kan u by Richard een aankoop.

Let Wel: Wanneer u die woonwa verkoop, MOET U DIE SAWA KENTEKEN EN SNOR VERWYDER.

Kamp Groete

SAWA Oos Kaap Bestuur.